

KRUIS- OF SUIWER TELING

– Wat is die Beste?

Leslie Bergh, LNR-Diereproduksie-instituut, Irene

Wat is die beste – kruis- of suiwer teling? Soos met die meeste vrae oor teling, is daar nie 'n eenvoudige antwoord op hierdie vraag nie, aangesien die antwoord afhang van baie faktore. Ons kan egter wel 'n klompie beginsels en riglyne gee wat gebruik kan word om 'n ingeligte besluit te neem vir 'n spesifieke situasie.



Eerstens is dit belangrik om te beseef dat kruisteling nie die antwoord is vir lae biologiese- en ekonomiese doeltreffendheid van produksie as gevolg van swak bestuur, swak voeding en/of die gebrek aan streng, doelgerigte, seleksie nie. In baie gevalle word kruisteling nie gebruik om ekonomiese doeltreffendheid te verhoog nie, maar slegs prestasie te handhaaf, as gevolg van die gebruik swak genetika. Indien jy dus aan die bul-van-die-maand klub behoort, is kruisteling nie jou antwoord nie – dit gaan eerder jou probleme vereger as oplos.

Tweedens is dit belangrik om die verskille tussen suiwer- en kruisteling te verstaan. Kom ons kyk kortliks wat die verskille is.

SUIWERTELING	KRUISTELING
Min of geen benutting van heterose vir verhoging van doeltreffendheid	Maksimum benutting van heterose moontlik vir verhoging van doeltreffendheid
Hoë seleksie-intensiteit en teelvordering moontlik	Laer seleksie-intensiteit en teelvordering
Seleksie en bemerking makliker a.g.v. 'n hoë mate van uniformiteit	Moeiliker seleksie en bemerking a.g.v. verskillende rastipes/kombinasies
Stelsel is maklik en eenvoudig	Stelsel is moeilik en ingewikkeld
Minder bestuursinsette nodig	Hoër bestuursinsette nodig
Laag oorerflike eienskappe soos reproduksie, oorlewing, moedereienskappe en langlewendheid kan moeilik verbeter word deur seleksie	Laag oorerflike eienskappe soos reproduksie, oorlewing, moedereienskappe en langlewendheid kan relatief maklik verbeter word deur kruisteling
Kan nie vinnig aanpas by veranderde produksiestelsel en markvereistes nie	Kan vinniger aanpas by veranderde produksiestelsel en markvereistes
Kleiner gevaar van kalwingsprobleme	Groter gevaar van kalwingsprobleme
Groter gevaar van inteling	Kleiner gevaar van inteling

Dit is ook belangrik om daarop te let dat die grootste voordeel van kruisteling lê in die gebruik van F1 moeders, veral wat betref hul beter reproduksie en melkproduksie.

Die vereistes vir 'n goeie kruisteelstelsel is:

- Die belangrikste (maar ongelukkig die grootste probleem in die meeste gevalle) is dat die stelsel deeglik beplan en doelgerig uitgevoer moet word. Indien daar nie streng gehou word by 'n beplande stelsel nie, gaan dit binne 'n paar jaar ontaard in 'n doellose verbastering met baie probleme, groot frustrasies en min of geen voordele.
- Die keuse van die korrekte kruisteelstelsel, rasse en raamtipes vir die maksimum benutting van heterose (basterkrag) en kombinerings van voortreflike eienskappe vir jou betrokke situasie.
- Die aankoop van goeie (prestasie-geselekteerde), suiwer bulle. **Onthou, 'n goeie bul is selde te duur, 'n swak bul is altyd te duur.**
- Voortdurende streng, doelgerigte seleksie van teeldiere.
- Handhawing van 'n hoë vlak van bestuur.
- 'n Relatief groot kudde(s).
- Voldoende aantal kampe per teelgroep.
- Teling van eie vervangingsverse.

Indien die basiese vereistes van 'n kruisteelstelsel nie nagekom word nie, kan dieselde of beter winste verkry word met suiwer teling en doelgerigte seleksie gegrond op prestasietoetsdata en teelwaardes.